gesange, disko-klap, kinderlag, hondeblaf, trouklokke
noodsyne van ambulans en polisiejag

soos engele en duiwels
sweef dit
oor vlaktes, randse vlaktes, housing scheme vlaktes
oor mynhope en mierhope
busses en treine en mense wat warrel
die doellose kring

n' wemel wereld van woonbuurte en townships
wat ly in gestalte en verdof in vlees
soos hande met lyne, geskroei van die son

mooigesig, traangesig, sondagbest snotgesig
smile met gekoekte bloed

boemelaar of stiefkind
waar hoort jy, in die
geboorteland, pynland, smartland
kyk mooi om jou
gesigte word grafstene

in die begrafplaas van drome
bou ons n' altar

by Frank Meintjies